

Inflasie in 2012

deur Frikkie Maré, departement landbou-ekonomie, Universiteit van Pretoria

Die 2008/09-resessie was 'n keerpunt in die ekonomie. Voor die omwenteling het die ekonomiese aanwysers heelwat anders gelyk as daarna.

Die Monetêre Beleidskomitee (MBK) het drie doelwitte: stabiele pryse, ekonomiese groei en volle indiensneming. Hierdie doelwitte word hoofsaaklik gereguleer deur middel van rentekoersaanpassing wat dus besteding of verbruik reguleer.

Rentekoerse

Onder normale omstandighede volg inflasie (verbruikersprysindeks), ekonomiese groei (bruto binnelandse produk) en rentekoerse redelik dieselfde tendens. 'n Sterk verbruikersvraag na goedere en dienste

laat die groei in die bruto binnelandse produk (BBP) toeneem. Terselfdertyd laat die sterker vraag pryse toeneem en laat dus ook die VPI styg.

Die Reserwebank verhoog dan rentekoerse om die koopkrag van die verbruikers in te perk. Dit laat dan die vraag na goedere en dienste, asook pryse oftewel die verbruikersprysindeks (VPI), daal. Dit laat egter ook die groei in die BBP afneem, aangesien minder goedere en dienste verkoop word.

Die MBK moet dus 'n fyn balans handhaaf tussen ekonomiese groei en inflasie om dit tussen die mikpunte van 6% tot 7% vir ekonomiese groei en 3% tot 6% vir inflasie te hou.

Hierdie 'normale' tendens kan vir die periode voor die 2008/09-resessie duidelik

gesien word en is ook gehandhaaf tydens die ekonomiese insinking en die eerste periode van herstel. Die tendens is egter verbreek sedert ekonomiese groei weer begin afneem het, ondanks 'n steeds lae rentekoers en toenemende inflasiedruk.

Repokoerse

Gedurende 2011 het die Reserwebank die repokoers konstant gehou op die laagste vlak die afgelope dertig jaar (Figuur 1). Ondanks die lae rentekoers het ekonomiese groei (BBP) egter deurlopend gedaal (Figuur 2) en eers in die helfte van die jaar begin stabiliseer. Veral die bydrae van die landbou het in teenstelling met 2010, skerp afgeneem en was negatief sedert die einde van 2010, maar dit blyk of dit in Oktober begin om ietwat te herstel.

Die algehele ekonomiese groei het gelukkig kop bo water gehou en nie onder 0% teruggesak nie. Inflasie, en veral voedselinflasie (Figuur 3) het egter begin toeneem sedert die begin van die jaar. Voedselinflasie het reeds in Mei die boonste vlak van die teiken (6%) bereik en styg steeds, terwyl die hooflyn-VPI die boonste perk in Oktober bereik het.


Die Reserwebank sit nou in 'n baie moeilike situasie. Inflasie moet teruggebring word tot binne die teikenvlak, maar ekonomiese groei moet gestimuleer word om die teikenvlak te bereik. Indien rentekoerse verhoog word om inflasie laer te dwing, sal dit 'n negatiewe uitwerking op ekonomiese groei hê, terwyl 'n verlaging in rentekoerse om ekonomiese groei te stimuleer, sal veroorsaak dat inflasie verder styg. Die vraag is dus wat gaan die MBK doen en hoe gaan die situasie in 2012 daaruit sien?

Die president van die Reserwebank, Gill Marcus, het in die laaste toespraak van die MBK in 2011 gesê hulle verwag dat hooflyninflasie teen 6,3% in die eerste kwartaal van 2012 'n hoogtepunt gaan bereik voordat dit weer gaan begin en tot binne die teikenvlak in die laaste kwartaal van 2012.


Hoë voedselinflasie

Die groot sondebokke in hierdie inflasiestyg is voedsel, brandstof en elektrisiteit,


Figuur 1: Rente- en inflasiestoerse (%)




Figuur 2: Ekonomiese groei (% BBP)



Figuur 3: Hooflyn VPI en VPI van voedsel en nie-alkoholiese drank, 2010-'11 (% jaar op jaar)



Figuur 4: Jaar-op-jaar verandering vir verskillende voedselkategorieë (VPI %)



aangesien kerninflasie (sonder hierdie drie produkte) slegs 5,2% gaan bereik. Die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR) lig die probleem van hoë voedselinflasie (Figuur 4) duidelik uit in die *Voedselprysmonitor* (November, 2011).

Verdere verwagte stygings in die prys van voedsel word verwag en dit is veral arm verbruikers wat gaan swaar trek met drastiese stygings in die prys van basiese voedselsoorte soos brood en mieliemeel. Die styging in die prys van basiese voedsel veroorsaak dat die verbruiker minder geld beskikbaar het om aan duurder produkte soos rooivleis te bestee. Die gevolg kan dus wees dat die vraag na rooivleis ietwat kan daal, maar die vraag na rooivleis kom van die meer gegoede verbruiker af.

Ek dink dat die MBK eerder rentekoerse laag sal hou gedurende die eerste periode van 2012 om ekonomiese groei te bevorder, as om dit te verlaag om inflasie te bekamp. Die siening is ook dat 'n styging in rentekoerse nie juis doeltreffend aangewend kan word teen die drywers agter die inflasieprobleem, voedsel, brandstof en elektrisiteit nie.

Daar mag dalk prysweerstand ondervind word teen te hoë rooivleispryse, weens die algemene hoë prysvlak van voedsel, maar indien die huidige lae aanbod van rooivleis voortduur, sal die pryse hoog bly. ^{VP}